Primêre Skool
Veldenvlei
Primary School

Privaatsak X 1006
Private Bag
RICHARDSBAAI
RICHARDS BAY
13 Weigelia
Veldenvlei
3900
Tel : 035 – 789 1381/2
Fax : 035 – 789 2497
E-mail : veldvlei@ion.co.za
www.veldenvleiprimary.co.za
Facebook : Veldenvlei Primary School

PRIMêRE SKOOL VELDENVLEI

GEDRAGSKODE, SKOOLREëLS EN DISSIPLINêRE PROSEDURE

Hersien: 2017

Inleiding:

Konstitusioneel het leerlinge die reg tot onderwys. Onderrig is afhanklik van 'n skoolomgewing waar daar 'n leerkultuur en onderwys is. Die reg tot onderwys kan nie geskei word van die verantwoordelikhede van die leerlinge teenoor hul opvoeding en die regte en verantwoordelikhede van opvoeders, ouers en die wye skool gemeenskap nie.

Die doel van die Gedragskode is om positiewe dissipline, selfdissipline en voorbeeldige gedrag te bevorder soos wat leerlinge leer deur waarneming en ondervinding. Die Gedragskode se doel is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing daar te stel om effektiewe opvoeding en onderrig by Veldenvlei Primêre Skool te vergemaklik.

WETLIKE STATUS

1. Die Suid – Afrikaanse skolewet (Wet 84. 1996 Afdeling B) meld dat die Beheerliggaam van 'n openbare skool 'n Gedragskode vir leerlinge moet aanneem.

2. Niks wat in die Wet saamgevat is, vrywaar die leerling van die verpligting om aan die gedragskode van die betrokke skool gehoor te gee nie.

3. Voor ouers aansoek doen om hulle kinders in te skryf by die skool moet hulle eers die Gedragskode en skoolreëls deeglik bestudeer; want wanneer hulle die aansoekvorm onderteken verklaar hulle dat hulle die Gedragskode en skoolreëls van Primêre Skool Veldenvlei aanvaar.

4. As daar enige van die reëls is wat nie aanvaarbaar vir die ouers is nie, mag die leerling nie tot die skool toeglaat word nie. Hierdie reëls is met groot sorg en met

die toestemming van die Beheerliggaam, saamgestel.

5. In terme van Afdeling 54 (1) van die Wet op op Gelyke Indiensneming No. 55 van 1998 mag daar nie gediskrimineer word teen enige persoon a.g.v. sy/haar HIV status nie.

GEDRAGSKODE:

1. DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE OPVOEDER

Volgens die Onderwyswet en Beleidshandboek bl. 2B – 20 moet 'n Gedragskode die gedrag voorskryf wat die regte van die opvoeder respekteer.

1.1 'n Opvoeder by die skool het dieselfde regte as 'n ouer om die leerling volgens die Gedragskode van die skool te kontroleer en te dissiplineer terwyl hy/sy 'n leerder van die skool is; hetsy in die klaskamer; by 'n skoolfunksie, skooluitstappie of enige ander skoolverwante werksaamhede.

1.2 Elke Opvoeder het die reg dat sy/haar menswaardigheid gerespekteer moet word. Leerlinge het nie die reg om 'n opvoeder te beledig, uit te skel of vulgêre taal te gebruik of minagtend op te tree nie.

1.3 Opvoeders het die reg tot handelswyse wat deur die beheerliggaam goedgekeur is ten opsigte van die oplossing van skoolverwante besware.

1.4 Opvoeders het die reg tot privaatheid, respek en waardigheid.

1.5 Die skoolhoof of 'n opvoeder het wetlike gesag om met genoegsame bewyse of inligting 'n leerder en sy besittings te deursoek vir pornografiese leesstof, gesteelde goedere, gevaarlike wapens, dwelms of skadelike stowwe wat na die skooleiendom gebring word.

1.6 Die opvoeder het die reg om 'n leerling van sy/haar eie geslag te deursoek in die teenwoordigheid van nog een ander persoon.

1.7 Opvoeders het die reg om in 'n rustige, gedissiplineerde en georganiseerde atmosfeer te onderrig.
Enige leerling wat die klas ontwrig d.m.v. hul optrede en daardeur die opvoeder verhoed om sy/haar werk te doen of ander leerlinge verhoed om onderrig te ontvang, sal 'n skriftelike waarskuwing kry.

1.8 Opvoeders is verantwoordelik vir en moet verseker dat hulle:

1.8.1 vir diens aanmeld en stiptelik is;
1.8.2 deeglik voorbereid is op 'n daaglikse basis om hulle kundige taak binne en buite die skool uit te voer;
1.8.3 alle persone en eiendom respekteer;
1.8.4 hul weerhou van beledigende taal of handelinge;
1.8.5 optree in 'n verantwoordelike en professionele wyse;
1.8.6 bly by die reëls, regulasies en prosedures soos uiteengesit deur die skool en die

Onderwysdepartement en getrou aan die gedragskode B uiteengesit deur die Suid-Afrikaanse Raad van opvoeders is;

1.8.7 verandering aanvaar op 'n ordelike en aanvaarbare wyse;

1.8.8 'n atmosfeer in die klaskamer en skool handhaaf wat bevordelik is vir effektiewe leer en onderrig;

1.8.9 'n aanpasbare program opstel wat elke leerder se spesifieke behoeftes, vermoëns en belangstellings aanraak;

1.8.10 behulpsaam is met die ontwikkeling van 'n goeie werksverhouding tussen kollegas en leerders;

1.8.11 gereelde kommunikasie bevorder tussen die huis en die skool;

1.8.12 daarna streef om gemeenskap betrokkenheid by die skool te bevorder;

1.8.13 aanwesigheidsregisters teken en ander registers wanneer nodig;

1.8.14 nugter denkend en in staat is om alle take wat aan hom/haar opgedra word met sukses te voltooi;

1.8.15 die gedragskode, skoolreëls en dissiplinêre prosedures te implementeer.

2. DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE LEERDER

Die Suid–Afrikaanse konstitusie verklaar dat elke leerder die reg tot onderwys het. Dit sluit die volgende regte in:

2.1 om onderrig te ontvang in 'n veilige omgewing;

2.2 om gereeld klas by te woon, met geen inmenging hetsy dit fisies of verbaal is nie;

2.3 om gereelde terugvoering rakende sy/haar vordering te ontvang;

2.4 om op 'n verantwoordelike wyse gebruik te maak van skoolfasiliteite;

2.5 om op skriftelike berading te ontvang vir enige persoonlike en/of onderrigprobleme;

2.6 om gelyke behandeling, beskerming en voordele van die wet te geniet;

2.7 om 'n skool by te woon wat vry is van geweld, dwelms, dronkenskap, wapens, afknouery en intimidasie;

2.8 om 'n skool by te woon wat vry is van seksuele molestering en kriminele optrede;

2.9 om die regte kanale te volg om uitdrukking te gee aan hulle griewe en om oplossings daarvoor te vind.

Leerders se verantwoordelikhede:

2.10 om te leer;

2.11 wees betyds en woon klasse elke dag by;

2.12 voltooi alle huiswerk en opdragte;

2.13 wees in besit van toepaslike werksmateriaal;

2.14 aanvaar verantwoordelikheid vir hul eie besittings;

2.15 respekteer alle mense en hulle eiendom;

2.16 gebruik geen onwelvoeglike taal;

2.17 bly by die norm van persoonlike netheid en hygiëne;

2.18 tree met verdraagsaamheid op, respekteer en konsidereer mekaar;

2.19 bly weg van aggressiewe en onwelvoeglike optrede;

2.20 het goeie maniere;

2.21 bly by die skoolreëls;

2.22 is nie sonder toestemming afwesig uit die klaskamer of van sport nie;

2.23 wees betyds;

2.24 verlaat die skool op die tyd bepaal deur die Beheerliggaam;

2.25 sou 'n leerder die skool enige ander tyd wou verlaat, is toestemming van die Hoof nodig;

2.26 het wedersydse respek vir ander leerders.

3. DIE REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE OUERS

Ouers het die reg om:

3.1 gereelde akademiese terugvoering van sy kind se vordering te ontvang;
3.2 sy kind se reg om te leer, te verseker en te beskerm:
3.3 betaling van die skoolgelde soos bepaal deur die Beheerliggaam;

Ouers se verantwoordelikhede is:

3.4 aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool;
3.5 seker te maak dat hulle kinders die reëls, regulasies en prosedures van die skool gehoorsaam;
3.6 verskaffing van die oorspronklike geboortesertifikaat en I.D. van die leerling wanneer hy/sy ingeskryf word;
3.7 laat weet die sekretaresse van enige verandering t.o.v. telefoonnommers, selfoonnommers, adresse ens.;
3.8 hou skool op hoogte van enige veranderinge wat 'n invloed op die kind mag hê. Ouers word deur die wet verplig om hulle kinders elke jaar te herregistreer;
3.9 hou siek leerders tuis;
3.10 stuur 'n nota of doktersertifikaat skool toe om onderwyser in te lig van afwesigheid by die skool, sport of kulturele aktiwiteite;
3.11 mag kinders nie tuis hou sonder 'n rede nie;
3.12 meld eers aan by die sekretaresse in die kantoor voordat 'n leerder in sy klas besoek word;
3.13 'n afspraak kan by die sekretaresse gemaak word indien u 'n onderwyser wil spreek. 'n Ouer mag nie 'n onderwyser in sy/haar klaskamer steur nie;
3.14 mag nie die administrasieblok of personeelkamer betree sonder uitnodiging van Hoof of personeel nie.

4. SKOOLREëLS

4.1 Skool begin stiptelik om **07:30**. Leerders moet in die klas wees om **07:25**. Die hekke sluit om **07:30**.
4.2 Die skool sluit:
* Gr. RR – RRR (Afr) - 14:00
* Gr. R - 12:30
* Gr. 1 – 7 (Ma. – Vry.) - 14:00

4.3 Leerders moet elke onderwyser sien as sy meerdere en moet onderwysers met respek behandel;
4.4 Leerders moet hulp aan besoekers bied wat dit benodig;
4.5 Leerders moet opstaan as hul met volwassenes praat;
4.6 Leerders sal stiptelik en gewillig alle redelike opdragte uitvoer, wat deur lede van die personeel, aan hulle gegee word.
4.7 **Geen** selfone word by die skool toegelaat nie.

In die klaskamer sal leerders:

4.7.1 Bly by die klaskamerreëls soos opgestel deur die klasonderwyser;
4.7.2 Nie die klaskamer verlaat sonder toestemming van die klasonderwyser nie;

4.7.3 Gewone beleefdheidswoorde soos “asseblief” en “dankie” gebruik soos van leerders verwag word;
4.7.4 Geen rondhardlopery of die speel met gevaarlike voorwerpe soos bv. “pea shooters” of ander gevaarlike speelgoed, sal toegelaat word nie;
4.7.5 Alle tuiswerkboeke, nuusboeke, persoonlike briewe en toetse laat teken deur ouers of voogde;
4.8 Alle tuiswerk en werkstukke moet voltooi word in die tyd wat deur die opvoeder voorgeskryf word;
4.9 Enige leerder wat afwesig was en nie take of opdragte ontvang het nie, is verantwoordelik om dit te voltooi wanneer hy/sy terug is;
4.10 Geen leerder sal toegelaat word in die klas gedurende pouse, sonder die toesig van ‘n opvoeder nie;
4.11 Geen leerder sal op die stoepe hardloop nie;
4.12 Geen bakleiery, geskreeuery of ontwrigtende gedrag sal in die klaskamer toegelaat word nie;
4.13 Skrywery op banke word as ‘n vorm van vandalisme gesien;
4.14 Niks sal ‘n leerder vrystel van die nakoming van die Gedragskode nie.

5. Gedurende Pouse:

5.1 Junior fase leerders mag vyf minute voor pouse na die snoepwinkel gaan. Senior fase leerders mag eers nadat die klok vir pouse gelui het, snoepwinkel toe gaan;
5.2 Alle leerders moet die snoepwinkel – personeel groet, aantree en “asseblief” en “dankie” sê;
5.3 Enige leerder wat hom/haar wangedra, sal nie bedien word nie;
5.4 Geen leerder word op die stoepe of in die klaskamer toegelaat nie;
5.5 Geen leerders word in die saal toegelaat sonder die toesig van ‘n opvoeder nie;
5.6 Gedurende pouse sal alle grade op die area speel wat toegestaan is aan hulle, deur die Hoof, aan die begin van die jaar. Enige prefek of opvoeder sal hulle help indien hulle onseker is oor die korrekte area;
5.7 Geen bakleiery of afknouery sal geduld word nie;
5.8 Geen gevaarlike speletjie wat ‘n leerling kan skade berokken sal toegelaat word nie;
5.9 As ‘n argument ontstaan moet die opvoeder aan diens dadelik ontbied word en hy/sy sal dit uitsorteer;
5.10 Prefekte moet ten alle tye hul pligte doen;
5.11 Alle leerders moet die prefekte met respek behandel en enige leerder wat ‘n redelike opdrag van ‘n prefek verontagsaam, sal gedissiplineer word;
5.12 Leerlinge mag onder geen omstandighede die klanksisteem in die saal hanteer of gebruik nie.

6. Aankondigings

6.1 Geen aankondigings word tussen **07:30** en **07:40** gemaak nie (Waarde Onderrig);
6.2 Daar moet stilte in die klasse heers tydens aankondigings.

7. Saalbyeenkoms

7.1 Leerders stap in reguit rye en klasonderwyser/es vergesel sy/haar klas na die saal vir die byeenkoms;
7.2 Byeenkoms is ‘n godsdienstige periode en dus moet daar stilte wees;
7.3 Prefekte moet toesien dat stilte gehandhaaf word.

8. Kleredrag en voorkoms van leerders

8.1 As leerder van Primêre Skool Veldenvlei, wat 'n wye sosio–ekonomiese spektrum verteenwoordig, moet die prinsiep van eenvormigheid, streng aangespreek word om kompetisie, gebaseer op welstand, te voorkom;

8.2 Die korrekte skooldrag, soos voorgeskryf in die Prospektus van ons skool is die enigste drag wat toegelaat sal word om deur leerders van Primêre Skool Veldenvlei gedra te word;

8.3 Klasonderwysers en lede van die Bestuur moet gereeld kontroleer dat die korrekte skooldrag gedra word;

8.4 Geen baadjies, truie, skoene, kouse of windjakke, anders as die voorgeskrewe uniform word toegelaat nie. Sweetpakke mag slegs tydens die 2de en 3de kwartaal gedra word. Sweetpakbaadjies mag in die 1ste en die 4de kwartaal gedra word op koue dae.

8.5 Enige klere wat op streek, provinsiale of nasionale vlak aan 'n leerder toegeken is, mag slegs op Vrydae gedra word. Dit bied dan die geleentheid vir die leerders om hulle klere tydens die skoolbyeenkoms te dra.

8.6 Kopluise is hoogs aansteeklik en dus sal leerders met kopluise verplig word om tuis te bly. 'n Leerder sal slegs toegelaat word indien 'n brief van die kliniek uitgereik is dat die toestand opgeklaar is. Ringwurms moet behandel word.

8.7 Korrekte voorgeskrewe L.O. klere is 'n vereiste.

8.8 <u>DOGTERS - HARE:</u>

i. Dogters van 'n Afrika etnisiteit mag slegs kort haarverlengings (bo die kraag), wat netjies gevleg is in reguit rye, in hulle hare hê.

ii. Hare mag nie gekleur, gekartel of gebleik word nie.

iii. 'n Dogter se hare wat langer as kraaglengte is, moet dit vasmaak. Waar nodig, moet knippies gebruik word.

iv. Hare moet kort en netjies wees, of lank en vasgemaak. Wees trots op jou voorkoms en lyk altyd netjies.

v. Die kuif mag nie oor die wenkbroue, in die oë of in die gesig hang nie.

vi. Slegs wit en blou bybehore mag gebruik word om hare vas te maak.

8. 9 <u>DOGTERS:</u>

vii. Geen juwele, behalwe 'n polshorlosie, klein knop oorbelletjies of oorringetjies (slegs dogters) word toegelaat nie. Geen kettings, skakelarmband of ringe (tensy medies voorgeskryf) word toegelaat nie.

viii. Oorbelle moet aan die oorlob gedra word en nie op die oorskulp nie.

ix. Geen naelpolitoer word toegelaat nie en naels moet altyd kort en netjies gehou word.

x. Geen grimering word toegelaat nie.

8.9 <u>SEUNS - HARE:</u>

i. Seuns se hare moet altyd kort, skoon en netjies wees.

ii. Met die kop in 'n normale sit- of staanposisie, mag die hare nie aan die hemp se kraag raak nie.

iii. Die hare mag nie agter in trappe gesny wees nie.

iv. Aan die kant mag die hare nie aan die ore raak wanneer dit afgekam word nie.

v. Kuiwe moet afgekam, ten minste 2 cm bokant die wenkbroue wees.

vi. Hare moet bo-op die kop nie langer as 5 cm wees nie.

vii. Hare moet so gekam word dat dit nie regop staan nie.

viii. Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Indien hierdie reël oortree word, sal van ouers verwag word om koste aan te gaan om die hare terug te kleur.
ix. Geen "comb-overs" nie.
x. Die "Step" haarstyl en lang oorgekamde kuif word nie toegelaat nie.
xi. Geen gel word in die hare toegelaat nie.

8.10 SEUNS:

i. Hemde moet ten alle tye netjies ingesteek wees.
ii. Skoolkouse moet ten alle tye opgetrek wees.
iii. Geen juwele, behalwe 'n polshorlosie word toegelaat nie.
iv. Geen hemde wat wys mag onder skoolhemde aangetrek word nie. Wit, moulose frokkie word toegelaat.

9. Handboeke en Skryfbehoeftes

9.1 Handboeke word aan elke leerder in die begin van die jaar uitgereik;
9.2 Die handboeke en biblioteekboeke bly die eiendom van Primêre Skool Veldenvlei;
9.3 Ouers moet teken vir die handboeke wat in die begin van die jaar uitgereik is;
9.4 Indien enige handboek of biblioteekboek verlore of beskadig word, moet die boek vervang word of daarvoor betaal word.

10. Rapporte aangaande akademiese vordering

10.1 Rapporte word elke kwartaal aan ouers uitgereik;
10.2 Rapporte word geteken deur die klasonderwyser/es en die hoof;
10.3 Ouers moet rapporte deeglik bestudeer en teken. Getekende rapporte moet binne 5 dae na die vakansie aan die skool terug gestuur word.

11. Siek leerlinge

11.1 Ouers is verantwoordelik om die skool in kennis te stel indien 'n leerling afwesig is;
11.2 Ouers moet 'n nota in die tuiswerkboek skryf wanneer die leerling terugkeer skool toe na afwesigheid;
11.3 Leerlinge wat afwesig is tydens toetse of eksamens word afwesig gemerk en die vraestel word nie op 'n latere datum oorgeskryf nie;
11.4 Indien 'n leerling by die skool siek word, sal die sekretaresse die ouers in kennis stel om hom/ haar te kom haal.
11.5 Leerlinge wat tydens skoolure by die skool gehaal word, moet deur 'n persoon geskied wat verantwoordelikheid vir die leerling aanvaar.
11.6 Die skool is nie by magte om ENIGE vorm van medikasie aan 'n leerling te gee nie.

12. Skooluniform

12.1 SEUNS:

i. Wit, kortmou hemp met 'n skoolwapen.
ii. Donkerblou kortbroek.
iii. Lang donkerblou kouse met een wit streep.
iv. Swart skool toerygskoene.
v. 'n Donkerblou skooltrui of skoolsweetpak met 'n blou sporthemp met hardloop skoene (tekkies) word in die winter gedra.

12.2 DOGTERS:

i. Turkoois skoolrok met wapen.
ii. Kort wit kouse.
iii. Swart skoolskoene (geen toerygskoene)
iv. ‘n Donkerblou skooltrui of skoolsweetpak met ‘n blou sportshemp met hardloop skoene (tekkies) word in die winter gedra.

12.3 SPORTDRAG – Seuns
i. Turkoois sporthempie
ii. Vlootblou broek.
iii. ‘n Skoolsweetpak rond die sportdrag af.

12.4 SPORTDRAG – Dogters
i. Turkoois sporthempie
ii. Vlootblou broekrok.
iii. ‘n Skoolsweetpak rond die sportdrag af.

13. Skoolfonds

13.1 Die bedrag betaalbaar deur ouers word vasgestel op ‘n vergadering wat jaarliks deurdie Beheerliggaam gereël word.
13.2 Skoolfonds is aan die begin van die jaar òf, vooruit aan die begin van elke maand vir 11 maande betaalbaar;

14. Skoolverlaters

14.1 Leerlinge wat die skool verlaat, moet alle handboeke sowel as Mediasentrumboeke inhandig;
14.2 Wanneer bogenoemde afgehandel is, sal ‘n oorplasingskaart oorhandig word.

15. Nasorg

‘n Nasorgsentrum word op weeksdae vanaf **12:00** tot **17:00** deur ‘n verantwoordelike dame bestuur. Hulle is nie gekwalifiseerde onderwyseres(se) nie en dit bly dus steeds die plig van die ouers om na die tuiswerk sowel as die akademiese vordering van die leerlinge om te sien. Die toesighouer sal ‘n broodjie en ‘n koeldrank aan die leerlinge verskaf. Indien nasorgfooie teen die **7de** dag nog nie betaal is nie, sal die leerlinge nie toegelaat word by nasorg totdat die rekening vereffen is nie. Die studieklasse word deur gekwalifiseerde onderwysers beman.

N.B. Alle leerlinge by die nasorg moet nie later as **17:00** opgelaai word nie. Indien ‘n ouer laat is as gevolg van onvermydelike omstandighede, moet die dame by die nasorg in kennis gestel word. ‘n Boete van **R40.00** sal gehef word indien leerders laat opgelaai word.

16. Bus

‘n Skoolbus volg ‘n roete soos bepaal deur die Beheerliggaam en is uitsluitlik tot voordeel van die leerders van Primêre Skool Veldenvlei.

17. Dissiplinêre prosedures vir oortredings

- Elke onderwyser is ten alle tye verantwoordelik vir dissipline by die skool en tydens skool aktiwiteite. Onderwysers het die reg en verantwoordelikheid om op te tree wanneer nodig. Ernstige oortredings word na die hoof of dissiplinêre offisier verwys.
- Die volgende stappe sal gevolg word in die geval van ernstige oortredings.

17.1 ***Geskrewe waarskuwings:***

Slegs die dissiplinêre offisier mag waarskuwingsbriewe uitreik. GEEN onderwyser mag 'n waarskuwingsbrief uitreik nie. Onderwysers mag wel met die ouers kommunikeer deur briewe. Elke klas moet 'n observasie lêer hê.

GESKREWE WAARSKUWINGS MAG UITGEREIK WORD VIR DIE VOLGENDE:

- oneerlikheid in die klas;
- diefstal
- om die naam van die skool in disrespek te plaas
- aanhoudende weiering om met onderwysers of hoër gesag saam te werk
- aanhoudende weiering om samewerking te verleen ten opsigte van klaswerk, tuiswerk,
- voltooiing van opdragte of ongedissiplineerde gedrag in die klas, pouses of gedurende sportoefening.
- geringe skade aan ander se besittings
- seksuele teistering
- aanhoudende ongehoorsaamheid (die leerder het reeds 3 detensies gesit)
- Rook by die skool.
- aksies wat daarop gemik is om onderwysers en leerlinge te verkleineer
- Verspreiding van onaanvaarbare / pornografiese materiaal.
- bakleiery op die skoolterrein

17.2 ***Leerlinge met geskrewe waarskuwings op hulle lêers mag weerhou word om aan die volgende skoolaktiwiteite deel te neem:***

- Leierskapkampe
- Verkiesing van prefekte
- Mediamonitors
- Skolierpatrollie
- Uitstappies, skooltoere en sporttoere
- Loslitdae, markdae en speletjiesdae.

17.3 ***Oortredings wat kan lei tot uitsetting:***

- 'n Leerling wat reeds 3 geskrewe waarskuwings ontvang het (n.a.v. aard van die oortredings);
- gebruik van alkohol;
- oneerlikheid tydens toetse en eksamen;
- erge diefstal;
- blatante oneerlikheid;
- bedreiging vir onderwysers;

- opsetlike en ernstige ondermyning van die onderwyser of hoof se gesag;
- optredes wat rassisme aanwakker en aanhits;
- aanhoudende geslagsteistering;
- dreig ander leerlinge met geweld, haatspraak en graffiti wat seermaak;
- herhaaldelik die skoolreëls en die gedragskode oortree en skend;
- Viktimisering, intimidering en opsetlike afknou van ander leerlinge;
- Leerders wat die normale gang van skoolbedrywighede onderbreek.

17.4 ***Oortredings wat kan lei tot skorsing:***

- Herhaaldelike uittarting van skoolgesag;
- Diefstal gepaardgaande met geweld;
- Skuldigbevinding in die hof;
- Ernstige aanranding van onderwyser;
- In besit van 'n wapen by die skool;
- Seksuele aanranding;
- Enige optrede wat in die opinie van die dissiplinêre tribunaal 'n gevaar inhou vir die lewens en veiligheid van ander;
- Gebruik en/of verkoop van dwelms, pornografiese materiaal.

18. ***Stappe wat gevolg sal word tydens skorsing en uitsetting***

- Indien 'n leerling 3 geskrewe waarskuwings ontvang het of gefouteer het soos uiteengesit onder skorsing of uiteensetting, mag die Beheerliggaam na 'n regverdige verhoor, die betrokke leerling wat skuldig bevind is dat hy/sy 'n bepaling van die gedragskode oortree het, skors (in samewerking met die Hoof Streeksdirekteur). Indien die oortreding van 'n baie ernstige aard is mag 'n leerder egter onmiddelik gesuspendeer word (sonder 3 waarskuwings briewe);

a) Vir 'n tydperk van een **(1**) week; of
b) Vir 'n redelike tydperk wat nie een week oorskry nie, afhangend van 'n besluit deur die Hoof van Departement n.a.v. die aanbeveling van die Beheerliggaam of die leerling die skool moet verlaat of nie.

'n Leerling wat uit die skool gesit is se ouers mag appèlleer by die Hoof van die Uitvoerende Raad binne die bestek van sewe **(7)** dae na die besluit gemaak is.

In die geval van 'n dissiplinêre oorplasing, moet die Hoofstreeksdirekteur van Onderwys die leerling in 'n ander skool plaas totdat hy/sy verby die verpligte skoolgaande ouderdom is, aangesien die reg van die leerling op basiese onderwys nie geskend mag word nie.

DIE PROSES

Die Suid–Afrikaanse Skolewet maak voorsiening vir 'n behoorlike proses, insluitende 'n regverdige verhoor, voordat 'n leerling geskors mag word.

- Enige leerder met 3 geskrewe waarskuwings wat moontlike skorsing of uitsetting in die gesig staar, moet na die hoof gebring word.
- Die hoof sal die getuienes aanhoor en op die nodige aksie besluit.

- Ouers sal skriftelik van die voorgenome aksie in kennis gestel word en daar sal gereël word vir ‘n regverdige verhoor deur ‘n dissiplinêre komitee wat saamgestel sal word deur die Beheerliggaam.
- ‘n Geskrewe kennisgewing sal **5 (vyf)** dae voor die verhoor gegee word betreffende die tyd, plek en datum van verhoor.
- Die leerling sal ‘n kans kry om sy saak te stel.
- Die leerling sal skriftelik van die besluit van die Beheerliggaam in kennis gestel word of hy/ sy skuldig is aan wangedrag en die straf wat opgelê word in die geval van skorsing of uitsetting.
- Die leerling het die reg tot appèl.
- Die Beheerliggaam sal die Hoof Streeksdirekteur binne 24 uur verwittig van hul besluit.
- Afgesien van enige provinsiale wetgewing, mag ‘n leerling slegs deur die Hoof Streeksdirekteur gevra word om die skool te verlaat.

MERIETE STELSEL

Leerders word beloon vir goeie gedrag, goeie werke en goeie maniere. Die sisteem is daargestel om leerders te motiveer en ten all tye GOEIE MANIERE en HULPVAARDIGHEID te betoon. Die sisteem werk soos volg:

Die register of klasonderwyser kan merietes toeken deur die merietelys in die observasielêer te voltooi vir die volgende:

- ‘n Besoek aan die hoof vir goeie werk;
- Uitstaande projekte;
- Deurlopende goeie gedrag;
- Om papiere op te tel sonder om gevra te word;
- ‘n Goeie gedragssertifikaat te verdien;
- Enige goeie gedrag wat deur die onderwyser/es hetsy buite of binne skoolverband herken word;
- Enige harde werk wat verrig is bv. gedurende ‘n sportfunksie sonder om gevra te word;
- Bereidwilligheid om die skool te ondersteun bv. met fondsinsamelings, soos Klub 5.

(Nie noodwendig akademiese prestasies nie. Leerders word alreeds hiervoor beloon).

Sodra ‘n leerder 5 merietes verdien het, word dit deur die Skoolhoof of onderhoof gestempel. Die leerder met die meeste stempels aan die einde van die kwartaal, word deur die Skoolhoof / onderhoof vergoed.

Die leerder hoef dus nie die hele observasielêer na die Skoolhoof te bring nie. Die onderwyser/es kan slegs die leerder met die merietelys na die kantoor stuur.

Die Skoolhoof/onderhoof sal ook van tyd tot tyd deur die skool loop en verneem of daar enige leerders is wat stempels verdien. Dit is om die leerders meer bewus te maak van goeie gedrag en die leerders te motiveer.

Die merietelyste kan gebruik word by oueraande en ook om leiers te identifiseer.

_____	_____
MNR. V. RAUBENHEIMER	MNR. L. VILJOEN
HOOF	VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

SENIOR PRIMêRE DISSIPLINêRE PROSEDURE

Oortredings word in 3 kategorieë ingedeel:

***Kategorie A*:**

1. Gedurige swak gedrag/ontwrigting van klas;
2. Huiswerk/werk nie voltooi;
3. Boek by die huis vergeet;
4. Kom laat by skool aan;
5. Druip 'n toets;
6. Toets nie geteken deur ouers nie;
7. Dra nie die korrekte skooldrag nie.

***Kategorie B*:**

1. Baklei of afknou;
2. Disrespek teenoor opvoeders;
3. Steel;
4. Oneerlik/lieg;
5. Vloek/swak taalgebruik;

* Pornografie, seksuele wangedrag, dwelms en wapens word deur die Hoof hanteer. Daar is 'n kategorie C waar leerlinge ge-evalueer/beloon word vir goeie gedrag, naamlik:

***Katergorie C*:**

1. Hulp verleen in klas;
2. Goeie gedrag buite die skool;
3. Buitengewone dade waar iemand anders bevoordeel word;
4. Tel papiere op tydens pouses;
5. Kameraadskap;
6. Doen goed in skoolwerk;
7. Netheid.

***Proses*:**

DISSIPLINE SISTEEM

Op die onderwyser se tafel sal 'n klaslys in die Observasie lêer beskikbaar wees met 15 spasies waar oortredings aangeteken sal word. Wanneer die 15 spasies vol is of daar 'n Kategorie B oortreding, wat 'n direkte detensie beteken is, gaan die register onderwyser

na Mev. C Brighton wat dit op die rekenaar inlees. Direkte detensie kan net deur Mnr Carstens gegee word.

In die klas sal ook ‘n A3 grootte klaslys teen die aansteekbord op wees. As die leerling detensie sit verskyn daar ‘n rooi kol langs sy/haar naam. Drie rooi kolle is gelykstaande aan 1 swart kol wat ‘n WAARSKUWINGS BRIEF tot gevolg het.

Leerlinge wat ‘n waarskuwings brief ontvang het, sal weerhou word om aan die volgende aktiwiteite deel te neem:

- Speletjies dae
- Uitstappies
- Afskeidsfunksies
- Toere
- Civvie dae
- Leierskapskampe
- Revues

-✂----------✂----------✂

Ek,_____ ouer van

_____ in Graad _____ dra kennis

van bogenoemde Gedragskode, Skoolreëls en Dissiplinêre Prosedure.

Handtekening van ouer: _____

Datum: _____